

Geloofsreis vir huise

“Wat my en my huis betref, ons sal die Here dien.” Jos 24:15



Ons gaan die maand iets leer oor die doel van alles.

Hoop dit gaan goed met die geloofsreis en julle hou by. Net weer die beginsels: Saam leer/gesels/bid & leef



Maandag tot Vrydag is daar 'n teks om te lees en saam daaroor te gesels deur die 3 vrae hieronder te bespreek oor die teks. Elkeen kry 'n beurt en ons luister en leer saam. Die klem val op hoe help ons mekaar om te leef wat ons leer. Onthou om elke dag gebedsbehoefte met mekaar te deel en bid saam vir mekaar. Sondae is tyd om te “recap” wat ons geleer het en te reflekteer oor hoe ons dit leef.

1

GOD

Wat leer ek van God in die gedeelte?

2

LEER

Wat staan vir my uit in die gedeelte & wat leer ek hieruit?

3

LEEF

Wat vra dit moet ons doen? Hoe gaan ons dit in ons elkedag lewe leef?



Saam leer & saam gesels

Lees en gesels oor 'n teks en 'n besprekingsvraag.



Saam oefen & saam leef

Ons gaan saam begin om ons geloof uit te leef.



Saam worship & saam bid

Elke dag bid ons vir mekaar & worship met musiek of sonder musiek.

Tema: Die Doel van jou lewe

Hier is hierdie week se tekste. Onthou om elke dag die 3 vrae te bespreek en die besprekingsvraag onder elke teks:

- 1) Wat leer ek van God in die gedeelte?
- 2) Wat staan vir my uit in die gedeelte en wat leer ek hieruit?
- 3) Wat vra dit moet ons doen? Hoe gaan ons dit in ons elkedag lewe leef?

Maandag: Jesaja 45:15-19

God red ons. Gesels oor wat God deur Sy geredes wil doen in die wêreld.

Dinsdag: Efesiërs 1:11-14

Gesels oor wat is ons als in Christus.

Woensdag: Efesiërs 1:15-23

Bespreek wat God deur ons kan doen as ons geestes oë oop gaan oor wie God is en waartoe Hy instaat is in ons lewe.

Donderdag: Kolossense 1:9-12

Praat oor wat sal in en deur jou lewe gebeur as die Heilige Gees jou help om God te ken.

Vrydag: Efesiërs 3:10-21

Gesels oor wat dit betek om met die volheid van God vervul te wees omdat ons in verhouding met God leef. Wat is die uitvloeisels in ons lewe?



“Die doel van jou lewe pas in die Groter prentjie van wat God in die wêreld wil doen. en Hy wil dit deur jou doen.”

Ons is nie net terloops hier op aarde nie. En Jesus het nie net terloops vir jou gestef nie. God het aan jou gedink en jou beplan om vir Hom te leef. Dink hieraan Jesaja 55:11 So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.

PRAKTIESE LEEFRITME VIR DIE WEEK

Moet nie God baklei nie, maar werk eerder saam met Hom vir Sy eer as om Hom te ignoreer of om teen Hom te werk.

Opdrag: Maak van nou af elke dag 'n punt om elke oggend vir die Here te kies & te kies om vir Hom te leef.

Bid hierdie week elke oggend Efesiërs 1:15-23 en Efesiërs 3:14-21 (en jy kan dit aanhou doen elke dag van jou lewe). As jy dan elke dag fokus sal jy gefokus lewe.

Gesels hoe julle as huis gefokus kan lewe!

